# MOOT-GENOOT

Uitgawe 1 van 2026

## Onder die Water



# REDAKSIESPAN


JUFFROU A. VAN EMMENIS


JUFFROU A. DE VILLIERS


MNR. JACO REDELINGHUYS


BIANCA CARELSEN (REDAKTRISE)


NORMA-JEANE DAVIS


AMELIA J.V. RENSBURG


JULANDRE THERON


MIÁRI VENTER


ALISSA VILJOEN


ANRIESJA WELMAN


MJ WIID


MBALI MAHLANGU


HOPE MOTAU


JEANDRÉ KROUKAMP


GENEVIEVE LIEBENBERG


KATELYNN MEYER


AMELIA KRAAYENBURG


RULIZE SWANEPOEL

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| 'n Nuwe Golf van Skryfwerk & Redakteurswoord | 1 |
| Graad 8's: Kamp, Boogstap en Konsert | 2-3 |
| Atletiek | 4-5 |
| Interhoër Swem | 6-7 |
| Netbal en Rugby | 8 |
| Hengel | 9 |
| Mnr. & Mej. Oos-Moot | 10-11 |
| Melktertdag en Markdag | 12 |
| Onderwyser van die Kwartaal | 13 |
| Leefstyl en Damprook | 14 |
| Redenaars & Oosielig | 15 |
| WonderLIG | 16 |
| Woordsoek | 17 |
| Wat praat jy?! | 18 |



# 'n Nuwe Golf van Skryfwerk

*Welkom by die MootGenoot!*

*Vandag val die eerste druppel in die Oosie-oseaan van skryfwerk. Hierdie eerste uitgawe van die MootGenoot is nie net vir ons 'n groot eer en voorreg nie, maar ook die begin van 'n droom — die vestiging van 'n nuwe tradisie by Hoërskool Oos-Moot. 'n Tradisie wat groei, ontwikkel en met trots deur ons skoolgemeenskap gedra sal word.*

*Die MootGenoot bied 'n vars en dinamiese platform waar talente ontdek en ontwikkel kan word, waar prestasies erken word en waar ons as Oosies saam kan leer, groei en mekaar inspireer. Hierdie tydskrif is meer as net woorde op papier — dit is die stem van ons skool, die hartklop van ons kultuur en die weerspieëling van ons trots.*

*Oosies is bekend daarvoor dat hulle golwe maak — in die klas, op die sportveld, op die verhoog en in die gemeenskap. Mag hierdie golf van skryfwerk, kreatiwiteit en trots deur die gange van die Moot spoel en elke leerder en onderwyser aanmoedig om hul stem te laat hoor.*

*Ons wil graag ons opregte dank uitspreek vir die ondersteuning wat ons reeds ontvang het. Sonder die bydraes, aanmoediging en entoesiasme van ons skoolgemeenskap sou hierdie eerste uitgawe nie moontlik gewees het nie.*

*Ons sien daarna uit om hierop voort te bou, nuwe hoogtes te bereik en nog vele golwe te maak waar ons gaan.*

*Mag die MootGenoot 'n bron van inspirasie wees - vandag en vir jare wat kom.*

*Redaksie-groete*
*Mee. A. van Emmenis en A. de Villiers*







# Redakteurswoord

*Bianca Carelsen Gr 12*

*Die MootGenoot duik met hierdie uitgawe reg in die diep kant in. Met artikels wat die "behind the scenes" van ons skool onthul, verken ons al die verskillende aktiwiteite wat dit bied.*

*Swem saam met ons tussen die visse op die atletiekbaan of ry die branders van die Oosie-golf. Dalk word jy vasgevang deur die hengelspan of ontdek jy meer oor die besoedeling wat selfs in ons eie longe plaasvind.*

*Kom hoor wat sê die onnies en besluit self: is hulle haaie of narvisse? En wie is die regte stervis onder die onderwysers?*

*Leer saam met ons hiérdie skool se visse ken.*






KAMP
GRAAD
8
BOOGSTAP
OOSIE DE TRIOMF




# GROENTJIE KONSERT





















# ATLETIEK

## Wáár sterre gebore word!

***deur Mbali Mahlangu***

Ons skool het 'n indrukwekkende vertoning gelewer by Pilditch op Donderdag, 26 Februarie 2026. Ons het algeheel tweede plek behaal asook uitstaande prestasies van al ons junior- en senior atlete – WONDERLIKE NUUS!

Roemay Korff het die vertoning gesteel as die beste junior baanatleet vir die meisies, met haar spoed en ratsheid. Marcus Coetzee het ook nie teleurgestel nie en is as die beste junior veldatleet gekroon. Al die harde werk en toewyding van elke atleet het betaal en ons is almal trots op hulle, asook die aflosspanne wat baie goed presteer het.

Dit was nie net die wenners wat uitgestaan het nie – baie van ons atlete het ook nuwe persoonlike rekords (PB's) opgestel en hulself oortref! Dit was fantasties gewees om te sien hoe hard almal gewerk het en só hul doelwitte bereik het.

'n Baie groot “shout out” aan die Oosie-golf, die skoolleerders wat in hul skoolklere opgedaag en ondersteun het – hul energie was aansteeklik! Die hele skool was vol entoesiasme en dit was wonderlik om almal saam te sien juig.

Dit was 'n onvergeetlike dag en 'n bewys van al hierdie talent en gees van ons skool. Baie geluk aan al die atlete wat deelgeneem het asook aan al ons wenners. Ons sien reeds baie uit na volgende jaar se Pilditch-byeenkoms!

**SKOOL SPIRIT – waar vuur in ons harte brand… Ons hardloop. Ons wen. Ons lewe!**







# SWEM INTERHOËR

## TOPPRESTASIES

| 2ste PLEKKE | | 3de PLEKKE | |
|---|---|---|---|
| Naam | Item | Naam | Item |
| Lisa Pienaar | 50m Vryslag | Armand Smit | 200m IM |
| Carmen Stapelberg | 50m Rugslag | Wian Minnaar | 50m Vryslag |
| Wian Minnaar | 50m Vlinderslag | Armand Smit | 100m Vryslag |
| Carmen Stapelberg | 50m Vlinderslag | Wian Minnaar | 100m Borsslag |
| | | Leelah Kemp | 50m Rugslag |
| | | Armand Smit | 50m Vlinderslag |

| 4de PLEKKE | | AFLOSSE– 4de PLEKKE | |
|---|---|---|---|
| Naam | Item | Naam | Span |
| Sunechka Roodt | 200m IM | o.14 Meisies | Sunechka Roodt |
| Adrio Gilfillan | 50m Vryslag | | Milieke Ferreira |
| Wirnette Dove | 100m Vryslag | | Lisa Pienaar |
| Cyle Grobler | 100m Rugslag | | Katelynn Botha |
| Carmen Stapelberg | 100m Rugslag | o.15 Meisies | Leelah Kemp |
| Milieke Ferreira | 50m Borsslag | | Jenna Groenewalt |
| Milandri Vermaak | 50m Borsslag | | Zulaika Malan |
| Wirnette Dove | 50m Borsslag | | Alexi Sirrals |
| Jean-Pierre Lubbinge | 100m Borsslag | | |
| Cyle Grobler | 50m Rugslag | | |
| Sunechka Roodt | 50m Vlinderslag | | |
| Jean-Pierre Lubbinge | 50m Vlinderslag | | |

| | |
|---|---|
| **Beste Oos-moot Swemmers:** | Wian Minaar en Armand Smit<br>Leelah Kemp en Carmen Stapelberg |

Algeheel eindig 4de in die B-bond.
Swem weer in B-bond in 2027.




ST ALBAN'S COLLEGE
PBHS

# *Oosies* Netbal & Rugby *vs Middelburg*

Die netbal- en rugbyseisoen het afgeskop.
Hou hierdie spasie dop in die volgende uitgawe van MOOTGENOOT vir artikels en onderhoude!



# HENGEL ...meer as net visvang

deur Katelynn Meyer

Wat is hengel? Vir baie is dit bloot visvang, maar vir die leerders van Hoërskool Oos-Moot is dit soveel meer – dit is 'n sport wat geduld, vaardigheid en passie vereis.

Op 25 Maart 2026 is 'n onderhoud met meneer Massyn gevoer, wat waardevolle insig gedeel het oor die groei en ontwikkeling van die skool se hengelspan. Tydens die gesprek is daar gefokus op hoe die sportsoort uitgebrei het, die uitdagings wat hengelaars ervaar en waarom visvang vir soveel leerders 'n geliefde aktiwiteit geword het. Volgens meneer Massyn is babers die vissoort wat die meeste tydens kompetisies gevang word. Hierdie vis is bekend vir sy krag en weerstand, wat elke geleentheid 'n opwindende uitdaging maak. Suksesvolle inkatrol bou nie net selfvertroue nie, maar help ook om tegniese vaardighede te slyp.

Een van die uitblinkers in die span is Ruben van Blerk, wat tans die rekord hou vir die meeste vangste. Tydens die eerste liga het hy 'n indrukwekkende totaal van 24 visse gevang en boonop 'n merkwaardige gooi van 150 meter met sy vislyn behaal.

Die span neem gereeld aan liga-byeenkomste deel. Die eerste liga het reeds op 5 Februarie plaasgevind en die volgende byeenkoms is geskeduleer vir 19 April. Gedurende oefeninge werk leerders hard daaraan om hul tegnieke te verbeter, strategieë te ontwikkel en as 'n span saam te werk om hul prestasie teen ander skole te versterk. Volgens meneer Massyn is die regte toerusting vir beginners van kardinale belang. Basiese aas soos mielies of erdwurms, 'n betroubare visstok, sterk vislyn en 'n skepnet vorm die fondament van suksesvolle hengel. Daarbenewens leer nuwe hengelaars gou dat kennis van waterdiepte, geduld en konsentrasie 'n groot rol speel in elke poging.

Die belangrikste les uit die onderhoud is dat hengel uiteindelik 'n sport van geduld is. Sukses kom nie altyd onmiddellik nie en 'n hengelaar moet bereid wees om wagtyd te aanvaar en gefokus te bly. Hierdie volharding ontwikkel waardevolle lewensvaardighede soos deursettingsvermoë, dissipline en respek vir die natuur.


Die hengelspan van Oos-Moot bewys dat sport veel meer is as net kompetisie – dit is 'n ervaring wat passie aanwakker, karakter bou en spanbou versterk.


















# Mnr. & Mej. Oos-Moot

## 'n Aand van Skitter

*deur Genevieve Liebenberg*

Dit was werklik 'n aand van skitter en styl toe leerders, ouers en onderwysers byeengekom het vir die jaarlikse mnr. en mej. Oos-Moot-glansaand. Die saal het gegons van opgewondenheid en elke deelnemer het die verhoog met trots en elegansie betree.

Die tema van die aand, Twee is Beter as Een, het vir groot kreatiwiteit gesorg en die gehoor is behoorlik vermaak deur die pragtige uitbeeldings van bekende karakters. Een van die hoogtepunte was beslis die paartjies wat saam deelgeneem het. Miane van Dyk en Aiden Badenhorst het almal betower as Rapunzel en Flynn Rider, met hul energieke optrede en treffende kostuums. Net so het Andriette Pretorious en Corrie Botha die verhoog laat herleef met hul uitbeelding van Daphne en Fred, wat 'n gevoel van nostalgie gebring het.

Die beoordelaars was 'n indrukwekkende paneel van bekende name, naamlik Leon Gropp, Luan Jacobs, Francois van Rensburg, Carien Botha, Tyla Groenewald en Janina Oberholzer. Hulle het die uitdagende taak gehad om nie net op voorkoms te oordeel nie, maar ook op selfvertroue, persoonlikheid en verhoogaanbieding.

Die aand was gevul met glans en spoggerigheid en elke deelnemer het hul beste voetjie voorgesit. Uiteindelik het die wenners hul plekke met trots ingeneem:

**2de prinses: Lana Love**
**2de prins: Arno Badenhorst**

**1ste prinses: Leane Theron**
**1ste prins: Philip Malan**

Die hoogtepunt van die aand was natuurlik die aankondiging van die wenners van die gesogte titels. Met groot applous is Hanru Pienaar as mnr. Oos-Moot gekroon, terwyl Mieke Lamberts die kroon as Mej. Oos-Moot ontvang het.

Baie geluk aan al die wenners — dit sal beslis onthou word as 'n glinsterende aand van spog en skitter!




Debutant

# MELKTERTDAG



*deur Genevieve Liebenberg*

**Melktertdag: 'n Soet Verrassing!**

Op 27 Februarie het ons skool besluit om iets besonders te doen. Dit was Melktertdag! En laat ek jou sê, dit was letterlik die kersie op die koek… of eerder die kaneel op die melktert.

Toe ons by die skool aankom, het niemand eintlik geweet wat om te verwag nie. Die nuus breek: elke leerder gaan sy eie klein melktert kry! Skielik was almal se buie tien maal ligter. Dis mos nie elke dag wat jy 'n gratis melktert in die hand gestop word nie.

Die oomblik toe ek myne kry, het die soet reuk van kaneel my sommer dadelik laat glimlag. Dit was klein, oulik en perfek, amper te mooi om te eet… maar net amper. Ek bedoel, wie kan nou 'n melktert weerstaan? Dis soos om goud in die hand te hê en dit net te ignoreer!

Oral op die skoolgrond het jy leerders gesien wat sit en smul, party wat hul tert binne sekondes opgeëet het en ander wat elke happie stadig geniet het soos ware fynproewers. Die hele dag het sommer 'n feestelike gevoel gehad.

Natuurlik was daar ook die grappies: "Kan ons môre Koeksisterdag hê?" en "Waar's my tweede een?" Dit het gewys dat iets so eenvoudig soos 'n melktert mense bymekaar kan bring en almal se dag kan ophelder.

Alles in ag genome was Melktertdag 'n groot sukses. Dit het bewys dat die klein dingetjies in die lewe soms die grootste vreugde bring. Soos hulle sê: die beste dinge kom in klein pakkies – en hierdie keer was dit 'n klein, heerlike melktert!

Ek hoop net volgende jaar kry ons weer so 'n soet verrassing… en dalk net een ekstra stukkie ook!











# Markdag

*deur Bianca Carelsen*




Die dag het afgeskop met 'n geliefde deel van ons Suid-Afrikaanse kultuur: romerig, met 'n sagte kors en 'n ligte sprinkel kaneel bo-op. Melktert.

Die Gasvryheidskomitee het die vorige dag lang ure ingesit om elke lid van die skool te bederf op Nasionale Melktertdag.

Soos die dag aangegaan het, het die afwagting net gegroei. Almal het die plakkate op die mure gesien en gehoor van die stalletjies waar ons eie entrepreneurs hul merk sou maak. Die energie was aansteeklik en die verwagtinge hoog.

Toe die tyd uiteindelik aanbreek, het dit beslis nie teleurgestel nie.

Afrikaanse jol-liedjies het tot diep in ons siele weerklink. Leerders en onderwysers het saamgedrom om 'n blik te vang van alles wat te koop was. Van lekkernye en verfrissende koeldranke, tot juwele, vetplante en selfs onnies wat met waterballonne geteiken is – daar was iets vir almal. Ek is seker mnr. Boshoff en mnr. Massyn het die dag baie geniet.

Jy kon ook nie die geleentheid mis om teen die e-sportspan te speel nie. Net langsaan kon jy springmielies koop terwyl jy die wedstryde kyk en terselfdertyd die karate ondersteun. Of dalk het jy eerder jou 'luck' met die hokkiespan beproef.

Aan die einde van die uur het leerders huis toe gegaan met vol mae, hoë gees, 'n nuwe besitting of twee - en 'n beursie wat óf voller óf heelwat ligter was.













# ONDERWYSER VAN DIE KWARTAAL

deur Miári Venter

Eendag, nie so lank gelede nie, is daar ’n dogtertjie in die Jakarandastad gebore. Onder die pers bloeisels word sy groot en droom sy oor die dag van môre.

“Wat wil ek eendag word”, vra sy haarself. Die vraag wat ons almal een of ander tyd moet beantwoord. Dit bepaal immers ons toekoms. Sy stel hierdie vraag aan haar Skepper en Hy antwoord haar met ’n vers uit Romeine. Vrede vul haar en sy volg haar hart. ’n Sekerheid vir hierdie graad 11-dogter en sy kies haar loopbaan in Onderwys.

Dankie tog hierdie juffie was gehoorsaam want Hoërskool Oos-Moot het nou die voorreg om deel te hê aan hierdie kosbare druppel wat deel is van ons Blou-Golf. Sy is passievol oor haar vak en moedig elke liewe leerder se verbeelding aan. Hierdie juffrou kry dit reg om selfs die anatomie van die kleintoontjie interessant te maak.

Haar gunsteling liedjie kon dit nie beter beskryf nie. Naam -"DIS JY! DIS JY! DIS JY! Die Oosies het klaar besluit. (Tromrol asseblief ...)

Wie is dié Juffrou?

Niemand anders as .....

*Juffrou Chalsey Potgieter!*






Nederig en skaam glimlag sy oor haar nuwe titel as die onderwyser van die kwartaal. Hoe voel sy hieroor? Sy antwoord met blink ogies dat dit vir haar die grootste voorreg is om te weet dat sy deel het aan ons onderrig en so ’n impak maak op ons Oosies. Haar hart loop oor om te weet dat ons haar vertrou en dat sy kan sien hoe die Oosies tot hulle volle potensiaal ontwikkel. Volgens haar is dit maklik om te onderrig wanneer jy vir die beste kinders skool gee.





# Leefstyl en Damprook

## The Truth Behind the Clouds: What You Should Know About Vaping



*Zack Aiden Van Heerden's journey into medicine was not easy, it was built on persistence, growth, and the refusal to quit when things did not go his way.*

*From early on, Zack showed the qualities of a future doctor: discipline, curiosity, and a strong academic foundation in Mathematics, Chemistry, and Physics. He completed his schooling early, which made it seem as though his path was firmly on track. Yet, like many aspiring medical students, his first attempt at gaining entry into TUKS medical school did not transpire — a moment that came as an unexpected shock and one of the lowest points in his life.*

*During this time, his faith was also challenged but as difficult as it was, he chose to keep moving forward, placing his trust in the Lord. Instead of giving up, he leaned into the challenge. He developed his leadership skills, deepened his involvement in student life, and stayed committed despite the setbacks.*

*Zack's story carries a simple but powerful message: in life, things are not always as easy or as predictable as they may seem. Setbacks are not the end, but part of the process. Success demands effort, patience, and the willingness to keep going, even when things do not work out as planned.*

*In the end, Zack did not succeed because everything went perfectly, he succeeded because he never gave up. His message to young people: "Do not give up. The delay is often part of the journey, not the end of it."*

*Zack emphasised that all of this was only possible by the grace of God. As written in Romans 8:18, "The glory to be revealed far outweighs the suffering." A truth he held onto and one his life stands as a testimony to.*

**The Truth Behind the Clouds: What You Should Know About Vaping**
Recently, learners had the opportunity to attend an informative and eye-opening talk presented by Zack van Heerden, a fourth-year medical student from the University of Pretoria. His presentation, titled "The Truth Behind the Clouds", aimed to create awareness about vaping and its real effects on the body—especially among teenagers.

**An Honest Conversation**
Zack encouraged learners to keep an open mind and think critically about their choices. He highlighted an important message: making informed decisions about your health is one of the strongest choices you can make.

**Is Vaping Really Harmless?**
Many young people believe that vaping is safe—but this is not entirely true. Learners were challenged with questions such as:

- Can vaping damage your lungs?
- Is it possible to become addicted even if you only vape occasionally?
- Does nicotine affect the teenage brain?

The answer to all of these is yes. Nicotine can negatively impact brain development in teenagers and lead to addiction, even with occasional use.

**The Effects on Your Body**
**1. Mouth and Oral Health**
Vaping has several harmful effects on the mouth:

- Increased bacteria and fungal growth
- Reduced saliva, leading to dry mouth
- Higher risk of tooth decay, gum disease, and bad breath
- Oral infections such as thrush

These issues can have long-term consequences for dental health.

**2. Lungs**

- The lungs are one of the most affected organs:
- Increased risk of infections and vaping-related pneumonia
- A serious condition known as "popcorn lung"
- Potential long-term damage, with lungs that may never fully heal

Although research is ongoing, concerns about lung cancer are also being investigated.

**3. Heart and Blood Vessels**
Vaping also affects the cardiovascular system:

- Reduced heart efficiency
- Slower recovery after exercise
- Increased risk of heart attacks and coronary artery disease

These risks can impact even young, otherwise healthy individuals.

**4. Impact on Sport and Performance**
For learners involved in sport, vaping can:

- Decrease lung function
- Reduce overall performance
- Limit endurance and recovery

Simply put, vaping and athletic performance do not go well together.

**5. Other Effects**
Additional concerns include:

- Increased risk of strokes
- Higher likelihood of depression and anxiety
- The addictive cycle of nicotine, which makes quitting difficult

**Why Do People Vape?**
Learners were encouraged to reflect on a powerful question: *"If you vape, have you ever considered why?"* Often, the answer relates to peer pressure, stress, or curiosity—but these reasons come with serious health risks.

**Advice for Quitting**
For those who may already be vaping, practical advice was shared:

- Understand your reason for vaping ("your why")
- Keep busy during cravings
- Use stress-relief tools like fidget items
- Exercise regularly

**A Strong Final Message**
The presentation concluded with an important reminder:
"Don't vape to fit in—trends change, but your health does not."
Choosing not to vape is not a sign of weakness—it is a sign of strength, awareness, and self-respect.











*deur MJ Wiid en Amelia Janse van Rensburg*

Dit maak nie saak watter battery by die skool pap is nie, die OosieLIG sal altyd helder skyn!

Die OosieLIG is 'n groep kinders hier by Hoërskool Oos-Moot wat baie prettige aktiwiteite doen en die Here loof en prys. Van pretdae tot lofprysing tydens pouse in juffrou Liezell Bezuidenhout se klas, is daar altyd gees waar die OosieLIG is...

Ons het 'n onderhoud met juffrou Bezuidenhout gevoer en haar gevra hoe sy die OosieLIG aan iemand sal beskryf wat nie weet wat dit is nie. Sy het gesê dat die OosieLIG 'n groep kinders is wat meer oor God leer en dis daar om hulle verhouding met die Here te versterk. Die OosieLIG gaan elke kwartaal op uitreike na kleuterskole, aftree-oorde en soveel meer. Ons het haar ook gevra wat is die doel van die OosieLIG ensy het gesê dat hulle eintlik wil hê die hele Oos-Moot moet deel wees, nie net 'n klein groep kinders nie.

Van die aktiwiteite wat hulle by die OosieLIG doen, sluit in "Praise and Worship" op Vrydae tydens pouse. Party Vrydae hou hulle selfs 'n Bybelstudie sodat kinders meer kan leer oor die Bybel en God se Woord. Ons het ook kinders gevra wat beteken die OosieLIG vir hulle endie antwoorde was dat die OosieLIG 'n plek is waar jy groei en geluk kan vind. Amelia van Kraayenburg, graad 8, het gesê dat hulle in kwartaal een 'n pretdag gehad het waar hulle allerlei prettige aktiwiteite gedoen het. Hulle het begin met 'n paar ysbrekers, soos bv. "musical chairs", waarna hulle 'n baie oulike speletjie gespeel het waar jy 'n verhaal in die Bybel moet kies en dit deur middel van 'n drama opvoer. Daarna het hulle ook lekker pizza geëet en koeldrank gedrink en hulle het boonop hulle eerste akoestiese "Praise and Worship"-sessie gehad. Die pretdag het op 20 Februarie 2026 plaasgevind.



Nog iets wat ons vir Juffrou gevra het, is hoe die OosieLIG help om mekaar te ondersteun. Sy het gesê dat hulle selgroepe op WhatsApp opgestel het waar dit net kinders is sodat kan hulle lekker gesels en mekaar help. Die OosieLIG is vol liefde en dit is 'n veilig plek waar jy kan praat oor jou gevoelens. Die OosieLIG wil 'n groot familie word en moedig elke kind aan om na die OosieLIG toe te kom en saam die Here te aanbid. Baie van die kinders het gesê dat hulle dit baie geniet en baie nader aan die Here voel as gevolg van die OosieLIG.

OosieLIG sal altyd die kinders se gees helder laat skyn. Dit bring liefde en vrede vir die leerders. Die OosieLIG sal altyd daar wees wanneer jy dit die meeste nodig het en hulle sal so bly wees om jou daar te sien. Hulle het nog baie aktiwiteite, aanbiddingsessies en speletjies wat verwag kan word in die toekoms. Die OosieLIG wag vir elke Oosie om saam te kom aanbid en te wys dat ons kinders van die Here is....





# REDENAARS & PUBLIC SPEAKING

**Finding your voice**
**Laat jou stem hoor**

**Redenaars: Laat jou stem hoor!**
Redenaars is baie meer as net die vaardigheid om voor 'n gehoor te praat – dit is 'n kans vir leerders om hul stem te gebruik, hul idees te deel en selfvertroue te bou. Of jy nou 'n natuurlike prater is of tegnieke moet aanleer om jou sê te sê, redenaars gee elke leerder die geleentheid om te groei en hul beste self te wees.

Tydens redenaars leer leerders hoe om hul gedagtes duidelik en interessant oor te dra. Hulle ontdek hoe om stories te vertel, mense te oortuig en met selfvertroue feite deur te gee. Dit help nie net op die verhoog nie, maar ook in die klaskamer en in die alledaagse lewe. Een van die mooiste dinge van redenaars is hoe dit leerders help om in hulself te glo.

**Public Speaking: Finding Your Voice**
Public speaking is an important skill that helps learners express themselves clearly and confidently. Our learners who participated did a phenomenal job.
From the exciting auditions to the outstanding performances during the gala evening, I can, without a doubt, say that Hoërskool Oos-Moot is an ocean full of talented young adults.

Each participant made waves with their respective speeches, and left us breathless with their gusto and unique qualities.
Well done to each participant and a hearty congratulations to our winners.

*"The only reason to give a speech is to change the world." - John F. Kennedy*

Baie geluk aan ons wenners!
Ons is ongelooflik trots op al ons redenaars wat deelgeneem het – elkeen van julle het gewys wat dit beteken om dapper te wees en jou stem te laat hoor.
Mag julle aanhou groei en altyd glo in die krag van julle eie stem.

***Praat soos jy gebek is!***
Mee. A. van Emmenis en A. de Villiers









# WonderLIG

**deur Me. A. van Emmenis**

## 'N REIS NA GROEI, HOOP EN LEWENSVREUGDE

In 'n wêreld waar tieners daagliks gekonfronteer word met druk, onsekerheid en emosionele uitdagings, bied die WONDERLIG-groepprogram 'n veilige ruimte vir innerlike groei, selfontdekking en hoop. Hierdie unieke program is ontwerp vir enige jongmens wat 'n dieper, meer sinvolle lewe wil lei en werklik gelukkig wil wees.

Deelnemers aan WONDERLIG ervaar die krag van groepdinamika waar daar eerlik gedeel word in die lief en leed van die lewe. Elke sessie vind plaas in 'n ontspanne, verwelkomende atmosfeer waar almal in 'n sirkel sit en saam gesels oor interessante en lewensverrykende onderwerpe. Die informele aard van die byeenkomste – kompleet met koffie, koekies en beskuit – dra by tot 'n gevoel van verbondenheid en gemak.

## 'N VISIE VAN HOOP EN BEMAGTIGING

Die kernvisie van die program is om emosionele intelligensie onder tieners te verhoog, hul lewens te verryk en hoop vir die toekoms te kweek – ongeag hul omstandighede. WONDERLIG poog om jongmense se ingesteldheid teenoor die lewe positief te beïnvloed, sodat hulle beter keuses kan maak en toegerus word vir 'n gelukkiger en meer vervulde toekoms.

## DIE KRAG VAN TRANSFORMASIE

Die embleem van WONDERLIG, die skoenlapper, dra 'n diep simboliese betekenis. Soos die skynbaar kleurlose papie wat in 'n kokon vasgevang is, ervaar baie jongmense tye van onsekerheid en twyfel. Tog kom ware transformasie wanneer die kokon oopbreek en die lig deurbreek – en die wonder van 'n vry, kleurvolle vlinder ontvou. Hierdie proses simboliseer selfaanvaarding, vergifnis en oorgawe, wat uiteindelik lei tot ware vryheid en groei.

## 'N PROGRAM MET 'N DOEL

Die WONDERLIG-program strek oor nege weke, met een sessie per week. Leerders kuier van kwartaal 2 af op Dinsdagoggende, met groepe wat beperk word tot ongeveer 20 deelnemers om persoonlike aandag en betekenisvolle interaksie te verseker.

## DIE HART AGTER WONDERLIG

Die program is die visie van Mariëtte Emmerentia Fourie, senior fasiliteerder en programkoördineerder. Haar inspirasie spruit uit haar dogter Lorinda se buitengewone liefde vir mense en haar standvastige geloof te midde van uitdagende tye. Ná Lorinda se afsterwe op 18 Maart 2018 het hierdie lewensreis 'n diep en blywende impak op Mariëtte se sin vir doel en betekenis gehad.

Met 'n sterk akademiese agtergrond in sielkunde en positiewe sielkunde, asook navorsing oor kraggebaseerde intervensies, het sy haar kennis en ervaring gebruik om 'n program te ontwikkel wat werklik 'n verskil maak. As skoolberader het sy eerstehands die pyn, verwerping en onsekerheid van tieners beleef – en dit het haar aangespoor om 'n program te skep wat waardes soos vergifnis en selfaanvaarding bevorder.

Die naam WONDERLIG het op 'n besondere wyse by haar opgekom enmet geloof en inspirasie het sy hierdie program saamgestel om jongmense te begelei op 'n pad van genesing, groei en hoop.

## 'N UITNODIGING TOT GROEI

WONDERLIG is meer as net 'n program – dit is 'n reis. 'n Reis na selfontdekking, betekenis en innerlike vrede. Vir elke tiener wat smag na hoop, rigting en 'n dieper verstaan van hulself en die lewe, bied WONDERLIG 'n lig wat werklik kan verander.

















# WOORD Soek

Soek die woorde en wen. Alle onderwysers en leerders word uitgedaag om deel te neem aan ons MootGenoot woordsoekkompetisie. Dit is eenvoudig. Vind al die woorde, neem 'n foto en e-pos dit met jou naam en van na RedaksieOM@oos-moot.co.za. **Jy staan die kans om R300 in kontant te wen.**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E | H | E | K | M | B | X | O | E | J | O | H | H | P | V | R | D | E | C | H |
| I | Q | I | Q | O | M | K | I | N | L | H | O | S | R | E | D | R | E | E | L |
| M | Z | S | D | O | U | K | U | Y | O | H | D | S | S | Y | B | G | U | R | G |
| E | I | A | F | T | K | U | L | T | U | U | R | P | V | T | E | N | N | I | S |
| D | G | T | Q | O | S | L | A | X | T | I | E | T | I | R | G | E | T | N | I |
| A | G | S | H | O | N | T | W | I | K | K | E | L | I | N | G | O | L | S | X |
| K | I | E | X | S | L | L | E | S | S | I | N | E | T | R | U | E | B | E | G |
| A | P | R | M | E | R | R | A | S | J | K | Z | R | R | T | M | S | J | I | V |
| F | U | P | T | E | N | E | M | B | R | Y | O | S | O | O | P | A | J | S | U |
| U | D | I | R | Y | E | O | S | E | T | P | Z | N | T | E | N | O | R | A | N |
| R | E | I | J | E | K | N | W | Y | S | E | E | X | S | R | G | N | G | T | L |
| K | M | U | E | E | D | N | S | C | W | Z | N | J | V | N | N | V | I | S | L |
| S | D | K | O | H | A | N | S | K | U | R | M | G | I | O | I | K | E | E | Y |
| D | W | T | P | P | D | I | E | N | A | X | E | D | A | O | K | O | D | R | C |
| E | I | E | S | R | O | N | C | L | Q | P | Y | D | S | I | R | M | W | P | T |
| Z | M | S | M | I | E | F | E | P | A | W | H | K | N | E | E | M | A | S | E |
| Q | U | A | S | Z | Z | S | D | M | E | K | O | X | X | O | W | U | A | E | K |
| F | R | N | N | I | T | W | P | O | E | O | G | N | X | X | E | N | R | E | E |
| W | U | E | E | L | P | R | T | E | L | N | L | Q | X | D | M | I | D | G | I |
| F | T | J | P | U | E | L | A | B | K | B | T | M | R | I | A | K | E | L | R |
| M | M | L | L | Q | Y | E | I | D | W | V | B | I | Q | C | S | A | S | O | K |
| P | S | T | H | W | M | W | D | N | I | E | O | Y | U | T | X | S | R | O | X |
| L | E | I | E | R | S | K | A | P | E | S | U | L | Y | D | I | I | T | K | M |
| S | E | I | S | I | T | E | P | M | O | K | I | O | V | A | K | E | S | S | Q |
| M | O | T | I | V | E | R | I | N | G | D | I | E | H | K | I | L | R | E | E |

Skool
Leerders
Onderwysers
Akademie
Sport
Kultuur
Dissipline
Trots
Atletiek
Rugby
Netbal
Krieket
Hokkie
Tennis

Waardes
Respek
Integriteit
Uitnemendheid
Samewerking
Toekoms
Ontwikkeling
Gemeenskap
Swem
Toernooie
Kompetisies
Deelname
Prestasie
Toewyding

Motivering
Kommunikasie
Nuus
Gebeurtenisse
Kalender
Prestasies
Spanwerk
Leierskap
Tradisie
Respekvol
Eerlikheid
Ondersteuning
Skoolgees
Opleiding

# Wat praat jy?!

## Somer in die winter

*deur Nadia Venter, graad 12*

Die winterson lê bleek oor die erf, maar daar is geen warmte daarin nie. Die gras is wit van die ryp en die bome is kaal en skraal soos arms wat reik na iets om vas te hou.

"Wat 'n heerlike somersdag," sê tannie Mara terwyl sy haar strooihoed regskuif. By die deur staan haar dogter, Linda. Sy kyk hoe die koue lug deur haar ma se dun rok sny. Dit is koud. 'n Byterige koue winter. Sy knip haar oë teen die ysige lug en trek haar eie jas stywer toe.

"Mamma, kom binne! Dit is koud vandag," sê sy saggies.
"Wat praat jy, kind?" vra tannie Mara. "Koud?" Tannie Mara lag. "Kind, jy praat pure bog. Dit is bloedig warm. Ek sweet dan!" Maar haar arms is vol hoendervleis. Linda stap nader, sit 'n baadjie oor haar ma se skouers. Sy trek dit versigtig toe knoop vir knoop, asof sy 'n stukkende kombers om 'n breekbare porseleinpop vou. "Hoekom maak jy my toe?" vra tannie Mara verontwaardig. "'n Mens dra nie 'n baadjie in Desember nie." Linda sug. "Dit is nie Desember nie, Mamma." "Wat praat jy?" vra tannie Mara, wenkbroue saamgetrek.

Tannie Mara kyk verward om haar. Die tuin is vaal. Geen blomme, geen skoenlappers. Net takke wat swart lyne teen 'n grys lug skryf. "Waar is my blomme?" vra sy. "Hulle was dan nog gister hier."

Binne ruik die huis na sop wat stadig prut. Linda help haar ma kombuis toe. Tannie Mara kyk rond asof sy 'n vreemdeling in haar eie huis is. Skielik vra sy: "Waar is Pa?"
"Hy is al jare terug oorlede, Mamma." Tannie Mara frons. "Linda, wat praat jy? Hy was dan nog gister hier. Hou op so lelik praat, Linda," sê tannie Mara skerp. Linda sê niks – sy weet dit help nie om teen die wind te baklei nie.

Later sit hulle by die venster. Die winterson sak vroeg. Die dag is kortasem. Tannie Mara hou haar dogter se hand vas. "Wat noem 'n mens daai seisoen?" vra sy stadig. "Wanneer alles wegraak? Wanneer die blare afval en jy nie kan onthou hoekom nie?" Linda se oë brand. Sy knip vinnig en trek haar ma se baadjie weer stywer toe. "Dis net winter, Ma."

Maar op die koffietafel lê 'n brief van die dokter. 'n Diagnose wat soos ryp oor alles lê. 'n Woord wat nie hard hoef gesê te word om swaar te wees nie.
Buite kraak die droë blare onder die voete wat verbyloop. En binne het 'n ander winter reeds wortels geskiet.

Demensia.


Ontwerp en gedruk deur:
CALLYGRAFIX
•Graphic Design •Corporate Identity •Printing •Branding
www.callygrafix.co.za
082 460 5819
adriette@callygrafix.co.za


Inspirerend

## In die leegheid van die veld lê die mooi

*deur Ciara Boshoff, graad 12*

Op die plaas begin elke dag met 'n stilte wat vir buitestaanders soos niks kan voel. Daar is geen stadsgeraas, geen haastige verkeer of helder ligte nie – net die uitgestrekte velde en die lug wat stadig lig word. Vir iemand wat nie gewoond is aan hierdie basiese leefstyl nie, kan dit lyk asof daar niks gebeur. Tog, vir mense wat hul dae hier deurbring is daardie stilte vol betekenis. Dit is juis in die gewone en die stil dat die mooi van die plaaslewe sigbaar word. Die ritme van die natuur, die klein tekens van groei en die vrede wat kom wanneer 'n mens leer om mooi te sien in niks.

Die wind het liggies deur die mielielande gewaai en sagte fluistergeluide gemaak. Die kraai van die haan in die verte het die stilte gebreek, maar dit het nie gepla nie – dit het eerder 'n ritme gegee aan die dag se einde. Ek het op die stoep gesit en gekyk hoe die skaduwees langer word en in daardie eenvoudige toneel het ek die mooi gesien. Die harmonie van die natuur wat nie haastig is nie.

Op die plaas leer 'n mens gou dat mooi nie altyd in 'n groot ding lê nie. Dit is nie net die oes of die blink trekkers wat betekenis dra nie, maar ook klein oomblikke wat onbewus verbygaan. Die stilte van die veldpad, die reuk van vars grond na die reën, die gesels van voëls in die oggend. Dit is die mooi wat in niks wegkruip.

Ek het besef dat die plaaslewe 'n getuigskrif is van 'n basiese leefstyl. Waar ander net leegheid sou sien, sien die boer geleentheid. 'n Kaal stuk grond wat wag om geplant te word, 'n stil dam wat water hou vir die somer, 'n oop lug wat beloftes dra vir môre. Hierdie "niks" is nooit werklik niks nie. Dit is 'n omgewing vol hoop en moontlikhede.

Toe die son sak, het ek die hemel bewonder. Die lug het verander van goud na rooi en toe na diep blou. Daar was geen groot gebeurtenis nie, geen geraas of optredes nie – net die dag wat in stilte sy einde bereik. En tog was dit een van die mooiste gebeurtenisse wat ek nog gesien het.

Die plaaslewe leer ons om die mooi in niks te sien, want dit wys dat stilte en 'n basiese leefstyl nie leeg is nie, maar vol betekenis. In die kalm ritme van die natuur vind ons vrede, dankbaarheid en 'n dieper gevoel van waarde vir klein dinge. Om die mooi te sien in niks, is om te verstaan dat die grootste geskenke in die stilste oomblikke lê.